DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**30 Januarie 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Deuteronomium 6: 6 - 13 |
| **Tema** | God roep ons tot gesinsvernuwing |
| **Sang** | Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>14-3: 1, 4<br>Psalm 128: 2, 3<br>145: 10, 11, 12 |

Dit is nie maklik om 'n ouer of 'n kind in 2022 te wees nie. Daar is baie uitdagings vir gesinne. Die Here leer ons om met al ons gebreke op 'n manier só te kan funksioneer dat ons dit kan regkry om 'n ruimte te vind waarbinne ons kan ontwikkel en kan floreer.

1. **Ouers en grootouers is die belangrikste invloed in kinders se geloofsontwikkeling.** Dit is die oortuiging wat jou energie sal gee om jou geloof in hulle midde te leef. Jy is die belangrikste persoon in jou kind en kleinkind se geloofsontwikkeling. Dit is hoe dit vir al die eeue werk.

2. **Jou kind se geloof is 'n weerspieëling van jou geloof.** As jy wil hê jou kinders moet 'n geloof hê wat hou, moet hulle in jou lewe 'n verhouding met Christus sien. Die kategese leer hoofsake van die geloof.

3. **God gee vir jou alles wat jy nodig het om ‘n sterk, groeiende verhouding met hom te hê.**

* Jy het die **Bybel**, lees, leer en leef die Woord van genade en geloofskrag.

* Jy het **Jesus**, jou Verlosser wat jou vergewe het en roep om Hom te volg. Hy is ’n mens, maar ook God. Hy is jou Voorbidder en tree uit liefde vir ons in. Glo en vertrou Hom. Jy het die **Heilige Gees** wat in jou die krag en motivering gee om uit die geloof te kan leef. Hý gee wysheid wat jy nodig het om situasies te hanteer. Op die kruispaaie van die lewe, hoor ons deur die Gees die stem van God om in wysheid besluite te neem. Bid vir die leiding van God se Gees. Leer jou kind om reg te bid. Ons leer nie rympies nie. Kyk Luk 11

* Jy het die **Kerk** as liggaam van Christus, jou medegelowiges, wat saam met jou die pad stap. Daar is maniere waarop jy kan inskakel of ’n groep bymekaaar kry as daar ‘n spesifieke behoefte is.

4. Ons het **God**, die Almagtige U, die Skepper, die Vader, wat alles begin het en ons geroep het om Sy verteenwoordiger te wees. Soms gaan Hy jou deur moeilike situasies stuur om jou karakter te bou. Dit is deel van die plan sodat ons kan leer om ons lewende geloof te leef.

*	Wanneer jy met God besig is op 'n **persoonlike vlak** – moet jy Hom lief hê en gehoorsaam.
*	Wanneer jy **in jou huis** met jou kinders praat – moet jy die Hom lief hê en dien.
*	Wanneer jy **op reis** gaan – moet jy Hom lief hê en verant woordelik optree.
*	Wanneer jy **gaan slaap** en wanneer jy **opstaan** – moet jy Hom lief hê en rein lewe.
*	Wanneer jy **in die publiek** is waar jou kinders jou kan sien in interaksie met ander mense – moet jy die Here lief hê.

## OOG VIR MEKAAR



*	Adriaan vd Walt het nog pyn na sy operasie. Ons bid hom en Elzje die seën van ons Vader toe met sy herstel. Hy is nog in Pretoria in die hospitaal.
*	Riana Olivier het Donderdag 'n heupvervanging in Pretoria gehad. Ons bid dat jy gou op die been sal wees.
*	Ons bid vir Annemarie Koekemoer wat op bedrus geplaas is. Sterkte vir jou en Shawn met die res van die swangerskap.
*	Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse. Dit bly 'n groot taak om 'n pasiënt tuis te versorg.
*	Ons bid vir Tialeen wat Vrydag 'n prosedure in Pretoria ondergaan.
*	Ds Sarel se Bybelstudies sal die week begin.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 30 NOV

**Diensbeurt:** Wyk D2

**Ouderling:** **Phillip vd Walt**

**Katkisasie:** Graad 9

**Diaken:** **Reinhardt Weidemann**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**30 Januarie 2022** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 1 Feb 2022 | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 2 Feb 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 2 Feb 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 3 Feb 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 3 Feb 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 30 Jan | Ben Bronkhorst | 67 | B | 082 808 7670 |
| Do 3 Feb | Rudolf Korff | 54 | B | 083 301 9043 |
| Vr 4 Feb | Elzje vd Walt<br>Sarel Venter | 67<br>61 | B<br>B | 082 802 6942<br>082 809 0222 |
| Sa 5 Feb | Rienie Oosthuizen<br>Esther Borman<br>Leoné Oosthuizen<br>Jané de Witt | 59<br>49<br>34<br>17 | B<br>B<br>B<br>D | 082 676 3235<br>082 963 9239<br>083 779 5395<br>084 209 4220 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 31 Jan 1987 | Gavin & Lana Nel | 35 | 082 565 8441<br>083 794 4958 |
| 1 Feb 1992 | Hendri & Daleen Korff | 30 | 083 651 8601<br>083 602 0064 |
| 3 Feb 2007 | Christiaan & Lienkie Hoogendyk | 15 | 066 240 3118<br>084 802 3323 |
| 5 Feb 1994 | Danie & Linamari Slabbert | 28 | 082 557 8705<br>082 684 5145 |

## YOUTUBE KANAAL

Lidmate moet asb kennis neem dat vanaf Sondag 23 Januarie 2022 alle eredienste **"Life gestream"** word op YouTube.

Lidmate sal die link op die YouTube WhatsApp groep ontvang en kan dus net die link volg om eredienste dan op 'n slimfoon, tablet of rekenaar te volg.

**Eredienste begin steeds Sondae om 09:30 in die kerkgebou.**

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here:**
**"U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."**

**Psalm 91: 1 & 2**

# SILWERDOPPERS

Die ***Silwerdoppers*** verkoop lekker ***HOENDERSLAAI*** op 4 Februarie 2022 teen R 35.00 elk.

Bestellings kan by Marina vd Walt op 072 135 6905 of by Antjie Du Toit geplaas word.





Bestellings kan tot 2 Februarie 2022 geplaas word.

Bestelling kan op 4 Februarie 2022 by die kerk afgehaal word.

Kom en ondersteun die Silwerdoppers in die projek om **fondse in te samel vir hulle Wildtuin toer in Mei 2022.**




GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92
OKT
R 111 270.83
R 131 749.06
NOV
R 119 456.00
R 148 081.17
DES
R 148 026.00
R 139 167.17


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 19 667.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
NOV
R 45 686.72
R 19 607.58
DES
R 26 780.00
R 26 363.64

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br><br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen.  Sien bankbesonderhede hierbo

***"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.  Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.***

***Deuteronomium 6:  6 & 7***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS